# Ouerskap Handleiding

# vir

# Goeie Karakter



**Liewe ouer**

Tygerberg en Karakter Transformasie is trots om hierdie handleiding aan u te verskaf. Die Karakter Transformasie program is met groot sukses aan die leerders bekend gestel en ons het al verskeie positiewe terugvoer ontvang wat wys dat ons kinders nie net van die program hou nie, maar ook daarvan leer.

Hierdie handleiding bevat noodsaaklike en eenvoudige inligting waarmee jy as ouer waardes in jou eie huishouding en gesin kan implementeer. Dieselfde waardes wat die opvoeders by die leerders vestig moet ook in die ouerhuis behandel word. Die waardes is:

Ons vertrou dat u hierdie handleiding prakties en nuttig gaan vind en dat u die opvoeders hierdeur sal ondersteun om die leerders werklik te bereik en in hulle karakters te investeer.

Indien u sou belangstel om hierdie program by besighede, kerke, gemeenskapsprojekte of waar ookal te implementeer, laat ons gerus weet. Ons visie en passie is om die grootste impak moontlik op ons omgewing te maak sodat almal onthou en opnuut bewus gemaak word van die voorreg en verantwoordelikheid om ‘n goeie mens te wees.

Geniet hierdie transformasie proses om die beste uit u gesin te haal!

**“To know that even one life has breathed easier**

**Because YOU have lived**

**THAT is to have succeeded.”**

**-Ralph Waldo Emer**

## Ouerskap vir Goeie Karakter

Goeie karakter gebeur nie net nie. Dit is die gevolg van ouers wat ‘n sterk fondasie van karakter ontwikkel. Hierdie handleiding is bedoel om ouers te ondersteun om karakter ontwikkeling te vervleg met alledaagse ervaringe van hulle kinders.

Wat is karakter?

- Morele karakter is die implementering van al 6 ons waardes met die beste weergawe van onsself as eindresultaat
- Karakter in ons optrede fokus op die waardes wat ons in staat stel om ons beste te doen – werk etiek, deursettingsvermoe, betroubaarheid ens.
- Jou karakter word bepaal deur wat jy doen, nie deur wat jy se nie
- Goeie karakter vereis om die regte ding te doen selfs al is dit ‘n risiko of gaan dit ‘n duur prys kos
- Die uiteinde van goeie Karakter is die feit dat dit van jou ‘n beter mens maak en gevolglik die wereld ‘n beter plek

## Pilaar 1: BETROUBAARHEID

- Wees eerlik
- Moenie verkul of steel nie
- Wees betroubaar – doen wat jy se jy gaan doen
- He die moed om die regte ding te doen
- Bou ‘n goeie reputasie
- Wees lojaal, staan by die dinge wat reg is

**Wat jy by die huis kan doen:**

1. Kyk uit vir betroubare gedrag en beloon dit/wys waardering daarvoor
2. As jy ‘n fout gemaak het, erken dit en moenie ander daarvoor blameer nie. Onthou jou kinders kan leer uit jou foute ook. Modelleer hoe ‘n mense foute hanteer en kan regmaak.
3. Praat met jou kinders oor tye in julle almal se lewens toe dit moeilik was om eerlik te wees of beloftes te hou.

4. Stel gesinsdoelwitte. Elke familielid moet die volgende sin voltooi en op die yskas plak: Ek sal betroubaar wees deur.....

**Ouers kan betroubaarheid promofeer deur:**

1. Die gedrag wat jy in jou kind wil sien sels te modelleer en hulle te prys wanneer hulle goeie besluite maak of goeie optrede toon.
2. Wees duidelik met jou verwagtinge: jou kind moet eerlik wees met jou en doen wat hulle belowe om te doen.
3. Voorsien aan hulle op ‘n konstante basis. (Sluit in liefde, fisiese aandag, ordentlike voeding, geestelike stimulasie, selektiewe televisie en playstation, ens.)
4. Ontwikkel familie reels en nagevolge. Reels moet duidelik verstaan word en nagevolge moet konsikwent toegepas word.
5. Ontwikkel ‘n kalm, emosioneel verbale en stabiele huislike omgewing met ‘n goeie balans van vryheid en struktuur.

**Om oor na te dink:**

Is daar skade in ‘n wit leuen? ‘n Manier om dit te evalueer: wanneer die persoon van die leuen uitvind, sal hulle vir jou dankie se of gemanupileer en bedrieg voel?

**Ander hulpmiddels:**

- Boeke
- Flieks (gaan na www.teachwithmovies.org)

  *kyk na die hoofkarakters en bespreek hulle menswees en besluite rondom betroubaarheid. Gebruik hierdie metode ook met toepassing op die ander waardes. ‘n Puik fliek om mee te begin is Freedom Writers.

“Even the best liers tell the truth the most of the time”

-Michael Josephson-

Pilaar 2: RESPEK

- Behandel ander met respek, volg die goue reel
- Wees geduldig
- Goeie maniere, geen vuil taal
- Konsidireer ander en hulle gevoelens
- Moenie iemand dreig of fisies seermaak nie
- Hanteer konflik sonder geweld

**Wat jy by die huis kan doen:**

1. Eet saam en bespreek aan etenstafel wat elke familielid se goeie karaktereienskappe is. Gee mekaar erkenning hiervoor, dis deel van respek.
2. Laat almal die sin voltooi: Ek sal respek toon deur.....

**Hoe jy as ouer respek kan promofeer:**

1. Modelleer respek en behandel jou kinders te alle tye op ‘n respekvolle wyse. Maak ‘n lys van maniere hoe almal kan bydra om ‘n respekvolle atmosfeer in die huis te handhaaf. Moenie jou kinders name noem, beledig, spot of buite konteks straf nie.
2. Behandel jou kinders deur hulle verskillende persoonlikhede in ag te hou.
3. Leer jou kinders dat kulture verskil en dat ons individue wat etnies van ons verskil ook moet respekteer.
4. Respekteer jou kind se privaatheid tensy jy rede tot kommer het.
5. Praat met jou kind oor die verskil tussen om almal met respek te behandel teenoor om mense te admireer.

**Om oor na te dink:**

Die reel van universaliteit: Indien almal dit doen, sal dit ‘n goeie ding wees? Pas hierdie vraag op enige situasie in jou kind se lewe toe.

“Sir, I will treat you as a gentleman, not because you are one, but because I am one”

-Thomas Jefferson-

## Pilaar 3: VERANTWOORDELIKHEID

- Doen wat jy veronderstel is om te doen
- Hou aan probeer; deursettingsvermoe
- Doen altyd jou beste
- Wees self-beheersd
- Beoefen self-dissipline
- Dink voor jy optree en bedink die gevolge

**Wat jy by die huis kan doen:**

1. Gee vir jou kinders take om te doen. Wys hulle presies hoe jy dit gedoen wil he en gee hulle ‘n afsny datum/tyd. Maak hulle verantwoordelik vir dinge in die huis waarmee hulle kan help. Maak seker dat jy dankie se en hulle erkenning gee.
2. Herhaal en herhaal hoe belangrik hulle skoolwerk is. Verduidelik hoedat hulle toekoms in hulle hande alleen le en hoe hulle verantwoordelikheid vir hulle toekoms en drome moet aanvaar.
3. Stel familie doelwitte op en plak dit op die yskas.

**Ouers kan verantwoordelikheid promofeer deur:**

1. Fokus op positiewe houdings en pogings en nie altyd die eindresultaat nie
2. Beloon goeie besluite wanneer jy weet dat die teenoorgestelde keuse makliker sou wees.
3. Neem eienaarskap vir foute en maak hulle reg so gou as moontlik
4. Ontwikkel hoe verwagtinge en wys die gevolge van swak keuses uit

“The only reason for evil to prevail...is for good men to do nothing.”

**Om in ag te neem:**

Alles wat ons doen maak ‘n verskil. Wat ons se en doen veroorsaak ‘n kettingreaksie wat die lewens van ander affekteer. Om NIE te kies nie is ook ‘n keuse!

**Ekstra hulp:**

Fokus area: Elektroniese media

In Januarie 2010 het ‘n opname getoon dat die ouderdomsgroep 8-18jaar gemiddeld 53 ure per week spandeer op elektroniese media (TV, selfone, video speletjies, facebook, twitter, youtube ens.)

- Stel reels op omtrent hoeveel tyd jou kind aan elkeen van hierdie media vorme mag spandeer.
- KYK SAAM MET JOU KIND waarna hulle kyk en maak hulle bewus waar die waardes voorkom of tekort skiet.
- Verduidelik en wys vir hulle uit waar advertensies misleidend is – wees attent op die boodskappe van die media bv almal moet aantreklik en maer wees. Gaan kyk op youtube “Dove Evolution”.
- Let baie noukeurig op na geweld en die rol wat dit speel in flieks. Wees ook bewus van subtiele geweld wat voorkom in reekse soos CSI.
- Vir nog riglyne, besoek “Parent’s Place” by www.fcc.gov/parents

“A child is the only known substance from which

A responsible adult can be made.”

-Anonymous-

# Pilaar 4: REGVERDIGHEID

- Hou by die reels
- Maak beurte en deel
- Wees oopkop en luister na almal
- Moenie van mense misbruik maak nie
- Moenie ander mense blameer nie

**Wat jy by die huis kan doen:**

1. Wanneer jy hoor “DIS ONREGVERDIG!”, vra jou kind om te definieer wat presies onregverdig is van die situasie.
2. Vra jou kind wat die onregverdigste ding was wat nog ooit met hulle gebeur het. Bespreek dit met hulle en vra wat die regte ding sou wees om te doen.
3. Sit notas op die yskas met elke lid van die familie se voorneme omtrent wat hulle gaan doen om meer regverdig te wees.

**Hoe jy as ouer regverdigheid kan promofeer:**

1. Skep ‘n demokratiese familie omgewing deur geleenthede te skep vir elke familielid om insette te lewer omtrent die maak van besluite
2. Moenie jou kinders met mekaar vergelyk nie, hulle is elkeen uniek.
3. Pas reels konsekwent toe en maak seker almal weet WAT die reels is. Maak uitsonderings duidelik en voorspelbaar.
4. Laat die kinders toe om by te dra tot die opstel van huisreels.

“It is not fair to ask of others what you are not willing to do yourself.”

-Eleanor Roosevelt-

# Pilaar 5: OMGEE

- Wees vriendelik
- Wees "compassionate' en wys jy gee om
- Toon dankbaarheid
- Vergewe ander
- Help mense wat hulp nodig het

**Wat jy by die huis kan doen:**

1. Maak 'n maand van omgee en wys dit deur anonieme notatjies, klein takies wat omgee toon ens
2. Doen iets as 'n familie wat omgee aan ander toon. Vat broodjies na 'n nagskuiling, gaan kuier by die ouetehuis of maak 'n donasie aan die DBV.

**Hoe jy as ouer omgee kan promofeer:**

1. Gee elke kind genoeg tyd, aandag en liefde.
2. Maak jou kind bewus van die uitdrukking van gevoelens.
3. Praat gereeld oor hoe ons optredes en die dinge wat ons se ander mense affekteer.
4. Moedig samewerking en behulpsame gedrag aan.

"They may not remember what you said,

But they will remember how you made them feel."

-Carl Buehner-

"To the world you might be one person

But to one person you may be the world."

-Anonymous-

# Pilaar 6: GOEIE BURGERSKAP

- Doen jou deel om jou skool en gemeenskap ‘n beter plek te maak
- Werk saam
- Raak betrokke in gemeenskap sake
- Bly ingelig en stem
- Wees ‘n goeie buurman
- Kom die reels na en respekteer outoriteit
- Respekteer jou omgewing en die natuur; moenie Rommel strooi nie

**Wat jy by die huis kan doen:**

1. Moedig jou kind aan om betrokke te wees in die land en omgewing. Laat hulle koerant lees en nuus kyk en gesels met hulle oor aktuele issues.
2. Herwin en leer jou kind herwin. Plant bome.
3. Praat oor hoe elke lid van die gesin kan bydra om ‘n beter landsburger te wees. Skryf dit neer en plak dit iewers op.

**Hoe die ouer goeie burgerskap tuis kan promofeer:**

1. Skryf ‘n familie visie en missie van hoe julle ander kan help.
2. Moedig samewerking en spanwerk aan deur as gesin aan buitemuurse aktiwiteite deel te neem.
3. Praat met jou kinders oor wat sosiale verantwoordelikheid en aktiewe burgerskap beteken.

“Be the change you want to see in the world.”

-Ghandi-